MALEAGI

Inleiding

Naam van die boek

Die naam Maleagi beteken "my boodskapper". Dit kan die werklike naam van die profeet wees. Dit sou egter ook 'n naam kon wees wat die skrywer oorgeneem het na aanleiding van die uitdrukking "my boodskapper" in 3:1. In Hebreeus is dit dieselfde woord wat ook as aanduiding van die skrywer in 1:1 gebruik word.

Tyd en plek van ontstaan

Die boek dateer uit die tydperk tussen die voltooiing van die Tweede Tempel in 515 vC en die optrede van Nehemia in 445 vC, maar waarskynlik nader aan die tyd van Nehemia. Dit was in die tyd toe Palestina deur Persiese konings oorheers is. Die boek, een van die heel laaste boeke ná die ballingskap, het waarskynlik in Jerusalem ontstaan.

Skrywer

Behalwe vir die verwysing na Maleagi in 1:1 is die skrywer andersins 'n onbekende figuur.

Lesers

Die boek is oorspronklik gerig aan die geloofsgemeenskap in Jerusalem tydens die Persiese tyd. Die eerste helfte van die boek is pertinent aan die priesters gerig, en die res aan die volk as geheel.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Kenmerke

'n Algemene kenmerk van die boek is die dispuutstyl wat in baie dele voorkom: 'n Stelling word gemaak, gevolg deur 'n teenvraag wat die stelling betwis, met die bewysvoering vir die stelling daarna. Hierdie skryfstyl kan verklaar word as in gedagte gehou word dat dit 'n tyd van ernstige verdeeldheid en twisgesprek was. Die historiese gegewens van destyds is vaag, maar daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat daar twee hoof strydende groepe was. Aan die een kant was daar 'n groep wat akkommoderend wou wees teenoor die Persiese owerheid en meer toeskietlik was ten opsigte van die eise van die Wet van die Here. Aan die ander kant was daar 'n groep wat, soos Maleagi, aangedring het op die strenge gehoorsaamheid aan die Wet.

Die boek kan getipeer word as Skrifprofesie. Dit het ontstaan in die proses van Skrifinterpretasie. Die profeet het die ou tradisies van die Wet op 'n aktuele manier vir die geloofsgemeenskap van sy tyd geïnterpreteer.

Temas en motiewe

Die eerste helfte van die boek bevat uitsprake teen die priesters, terwyl die tweede helfte oorheers word deur uitsprake oor die dag van oordeel. Die profeet vestig die aandag op vormgodsdiens en sosiale onregte, en waarsku dat God se oordeel diegene gaan tref wat hulle nie bekeer nie.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Opbou van die boek

Die boek bestaan uit die volgende uitsprake:

1:2-5 Liefdesverklaring van die Here

1:6-2:9 Twee uitsprake teen die priesters

1:6-14 Eerste uitspraak teen die priesters

2:1-9 Tweede uitspraak teen die priesters

2:10-3:12 Uitsprake teen die volk Juda as geheel

2:10-16 Oor ontrou in die huwelik

2:17-3:5 Aankondiging van die dag van oordeel

3:6-12 Tiendes en offergawes

3:13-4:6 Twee uitsprake met belofte van herstel

1

1 'n Profesie.[a] Dit is die woord van die HERE tot Israel deur
Maleagi.

Liefdesverklaring van die Here

2 "Ek het julle lief," sê die HERE, maar julle vra: "Hoe het U ons
lief?" Die uitspraak van die HERE is: "Is Esau nie Jakob se broer
nie? Tog het Ek Jakob lief, 3 maar in Esau het Ek 'n afkeer en Ek
gaan van sy bergland 'n verlate plek maak, sy erfdeel 'n plek vir die
woestynjakkalse."[*]

4 Edom sal wel sê: "As ons verpletter word, dan bou ons die

---

[a] **1:1** *Profesie:* Word ook vertaal met "uitspraak," "uitspraak van God" of "aankondiging".

[*] **1:2-3** Rom 9:13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

puinhope net weer op!" Maar die HERE, Heerser oor alle magte, sê: "Húlle kan maar bou, maar Ék sal afbreek. Hulle sal 'die goddelose gebied' genoem word, en 'die volk vir wie die HERE vir altyd vervloek het' ". 5 Met julle eie oë sal julle dit sien en julle sal self erken: "Die HERE is groot buite die grense van Israel."

Eerste uitspraak teen die priesters

6 "'n Seun respekteer 'n vader, en 'n dienaar sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is die respek wat My toekom? As Ek die Opperheer is, waar is die ontsag vir My?" Die HERE, Heerser oor alle magte, sê: "Dit geld vir julle, priesters, wat my naam minag! Maar julle vra, 'Hoe minag ons u naam?' 7 Julle bied verwerplike voedsel aan op my altaar en dan vra julle nog, 'Hoe het ons U verwerp?' Omdat julle dink dat die tafel[b] van die Here maar geminag kan word![*] 8 As julle 'n blinde dier as offer aanbied, is daar mos niks mee fout nie, en as julle 'n lam of siek dier aanbied, is daar ook niks mee fout nie! Bied so iets vir jou goewerneur aan! Sal hy jou aanvaar, sal hy goedgesind wees teenoor jou?" vra die HERE, Heerser oor alle magte. 9 Sou julle God dan nou gunstig stem dat Hy ons genadig kan wees, terwyl julle so iets doen? Sal Hy deur júlle toedoen goedgesind wees? Die HERE, Heerser oor alle magte het dit gesê.

10 "Was daar maar iemand onder julle wat die tempeldeure kon toesluit, sodat julle nie die vuur op my altaar verniet aan die brand steek nie. Ek is nie ingenome met julle nie," sê die HERE, Heerser oor alle magte. "'n Offer uit julle hand is nie vir My aanvaarbaar nie.

---

[b] **1:7** *tafel:* Dit verwys na die altaar.

[*] **1:7** 1 Kor 10:21

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

11 Immers, van waar die son opkom tot waar hy onder gaan, is my
Naam groot onder die nasies en op verskeie plekke word wierook
aangebied vir my Naam, 'n rein offer want my Naam is groot onder
die nasies,"* sê die HERE, Heerser oor alle magte. 12 "Maar julle
ontheilig my Naam aangesien julle dink, 'Die tafel van die Heer is
verwerplik,' en wat die opbrengs daarvan betref, dink julle, 'sy
voedsel kan maar geminag word'.* 13 En dan dink julle ook nog, 'Al
die moeite!' en julle trek julle neuse daarvoor op," sê die HERE,
Heerser oor alle magte. "Julle bring diere wat geroof en lam en siek
is, dít is wat julle as offer bring! Moet Ek dit uit julle hand aanvaar?"
vra die HERE. 14 "Vervloek is iemand wat bedrieg deur 'n gelofte af te
lê maar 'n verminkte dier aan die Heer offer, terwyl daar 'n manlike
dier in sy kudde is. Ek is immers die groot Koning," sê die HERE,
Heerser oor alle magte, "en die nasies het ontsag vir my Naam."

2

Tweede uitspraak teen die priesters

1 Daarom dan, vir julle geld hierdie beslissing, priesters: 2 "As julle
nie luister nie, en dit nie ter harte neem om my Naam te eer nie," sê
die HERE, Heerser oor alle magte, "sal Ek julle met 'n vloek tref en
Ek sal dit wat vir julle tot seën moet wees, vervloek. Trouens, Ek
het dit alreeds vervloek omdat julle die saak nie ter harte neem nie.
3 Kyk, Ek gaan julle en julle nageslag binnekort verneder: Ek gaan
pensmis op julle voorkoppe spat -- die pensmis van julle feesoffers!

---

*1:11 Op 15:4

*1:12 1 Kor 10:21

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

"Ek sal julle uit my teenwoordigheid verwyder.[c] 4 Dan sal julle besef
dat Ek hierdie beslissing oor julle gebring het, sodat my verbond met
Levi kan bly bestaan," sê die HERE, Heerser oor alle magte. 5 "My
verbond met hom was bedoel om lewe en vrede te gee. Dit het Ek
gedoen. En dit moes ook ontsag wek: Hy het uit vrees vir my Naam
gebewe. 6 Betroubare onderrig in die wet het uit sy mond gekom en
onreg is nie op sy lippe gevind nie. In vrede het hy 'n reguit pad met
My geloop en baie mense laat afsien van sonde. 7 Die lippe van 'n
priester moet immers kennis in stand hou. Mense soek onderrig in
wat hy sê, omdat hy 'n boodskapper is van die HERE, Heerser oor
alle magte. 8 Maar júlle het afgewyk van die pad en baie mense laat
struikel deur julle onderrig.[*] Julle het die verbond met die Leviete tot
niet gemaak," sê die HERE, Heerser oor alle magte. 9 "Op my beurt
sal Ek julle veragte en vernederde mense in die oë van die hele volk
maak, omdat julle nie nougeset op my paaie bly nie en menslike
voorkeure laat geld in die onderrig van die wet."

Oor ontrou in die huwelik

10 Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskep
nie? Waarom is ons dan ontrou aan mekaar en skend ons die
verbond wat met ons voorouers gesluit is? 11 Juda was ontrou, en
iets afstootlik is in Israel en Jerusalem gedoen: Juda het wat vir die
HERE heilig is, waarvoor Hy lief is, geskend. Juda het met dogters
wat vreemde gode dien, getrou. 12 Mag die HERE die mense wat dit

---

[c] **2:3** *Ek ... verwyder:* Die bronteks is onduidelik. Letterlik "Hy sal julle na hom dra." Die Septuaginta lui "En Ek sal julle daarheen dra."

[*] **2:7-8** Matt 23:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

doen, sonder uitsondering uit die woonplekke van Jakob verwyder, selfs al bring hulle offers vir die HERE, Heerser oor alle magte.

13 Die tweede ding wat julle doen, is dat julle die altaar met trane bedek, julle ween en sug, omdat Hy nie meer ag slaan op julle offers nie en dit nie gunstig aanvaar nie. 14 En dan vra julle: "Waarom?" Omdat die HERE self as getuie optree tussen jou en die vrou met wie jy getroud is toe jy jonk was en teenoor wie jy ontrou is, terwyl sy jou lewensmaat is en 'n vrou van dieselfde verbond as jy.[d] 15 Hy het nie net één mens gemaak nie, maar ook 'n geesgenoot vir die mens, waarna dié een mens op soek was; 'n goddelike geslag. Bewaar daarom julle gees van eensgesindheid.[e] Moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy getroud is toe jy jonk was nie. 16 Die HERE, die God van Israel sê: "Wanneer iemand 'n afkeer in haar het en haar verstoot, omhul hy homself met geweld.[f]" Die HERE, Heerser oor alle magte, sê: "Bewaar julle gees van eensgesindheid. Julle mag nie ontrou wees nie."

Aankondiging van die dag van oordeel

17 Julle vermoei die HERE met julle woorde, en dan vra julle: "Hoe het ons Hom vermoei?" Omdat julle sê: "Almal wat verkeerd doen, is goed in die oë van die HERE, met húlle is Hy ingenome." Of julle sê: "Waar is die God wat oordeel?"

---

[d] **2:14** *'n vrou ... jy:* Letterlik "die vrou van jou verbond".

[e] **2:15** *Hy ... eensgesindheid:* Die bronteks kan ook anders vertaal word.

[f] **2:16** *omhul ... geweld:* Bronteks "trek hy geweld aan oor sy klere".

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

3

1 "Kyk, Ek stuur binnekort my boodskapper
en hy sal 'n pad voor My oopmaak.
Onverwags sal hy na sy tempel kom,
die heer na wie julle soek,
die boodskapper van die verbond
na wie julle uitsien.
Kyk, hy is op pad,"*
sê die HERE, Heerser oor alle magte.
2 Wie kan die dag van sy koms verduur,
wie kan staande bly wanneer hy verskyn?
Ja, daardie dag is soos die vuur van die smelter
en soos die loog van wassers.*
3 Hy sal gaan sitg
as iemand wat silwer smelt en suiwer.
Hy sal die Leviete reinig
en hulle soos goud en silwer suiwer.*
Hulle sal aan die HERE behoort,
en op die regte manier offers bring.
4 Dan sal Juda en Jerusalem se offers

---

*3:1 Matt 11:3,10; Mark 1:2; Luk 1:17,76; 7:19,27; Joh 3:28

*3:2 Op 6:17

g3:3 *sit:* Die gebruik was dat 'n regter tydens 'n verhoor sit terwyl hy 'n saak aanhoor en opstaan wanneer hy die vonnis vel.

*3:3 1 Pet 1:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

weer vir die HERE aangenaam wees,
soos in die ou dae, soos in vroeër jare.

5 "Ek sal na julle toe kom vir die oordeel en Ek sal sonder om te
huiwer as regter optree teen towenaars, egbrekers en wie vals
sweer; teen hulle wat dagloners, weduwees en weeskinders
verdruk en hulle wat vreemdelinge wegwys en nie ontsag vir My het
nie,"* sê die HERE, Heerser oor alle magte.

Tiendes en offergawes

6 "Ek, die HERE, het immers nie verander nie. Maar julle
Jakobskinders hou nie op nie. 7 Sedert die tyd van julle voorouers
wyk julle van my voorskrifte af en kom dit nie na nie. Keer terug na
My, dan sal Ek na julle terugkeer," sê die HERE, Heerser oor alle
magte. "Maar julle vra, 'Hoe moet ons terugkeer?'* 8 Mag mens God
besteel? Maar julle besteel My! En dan vra julle nog, 'Hoe besteel
ons U?' Van tiendes en bydraes! 9 Daar rus 'n vloek op julle, maar
Mý beroof julle, julle hele nasie. 10 Bring die volle tiende na die
voorraadkamer sodat daar voedsel in my huis kan wees. Toets My
hierin," sê die HERE, Heerser oor alle magte, "of Ek nie vir julle die
vensters van die hemel sal oopmaak en oorvloedige seën oor julle
sal uitstort nie. 11 Ek sal vir julle die sprinkane[h] berispe sodat hulle
nie die opbrengs van julle landerye verwoes nie, en die druiwestok
in die wingerd sal vir julle nie sonder vrugte wees nie," sê die

---

*3:5 Jak 5:4

*3:7 Jak 4:8

h3:11 *sprinkane:* Letterlik "vreters".

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

HERE, Heerser oor alle magte. 12 "En al die nasies sal julle gelukkig
noem, omdat julle 'n begeerlike land sal wees," sê die HERE,
Heerser oor alle magte.

Twee uitsprake met belofte van herstel

13 " Julle laat harde woorde oor My val," sê die HERE. "En dan vra
julle, 'Wat het ons vir mekaar oor U gesê?' 14 Julle het gesê, 'Dit is
heeltemal nutteloos om God te dien en wat baat dit ons as ons die
verpligtinge teenoor Hom nakom en in rouklere loop voor die HERE,
Heerser oor alle magte? 15 Daarom noem ons nou die verwaande
mense gelukkig, want die booswigte beleef nie net voorspoed nie,
maar hulle daag God uit en kom nog daarmee weg ook.' "
16 Toe dié wat vir die HERE ontsag het, so met mekaar
geredeneer het, het die HERE goed geluister en dit gehoor. Dit is
toe in sy teenwoordigheid in 'n gedenkboek* opgeteken tot voordeel
van dié wat ontsag vir die HERE en respek vir sy Naam het.
17 "Hulle sal aan My behoort," sê die HERE, Heerser oor alle magte,
"hulle sal my persoonlike eiendom wees op die dag wat Ek voorberei.
Ek sal deernis met hulle hê, soos 'n man deernis het met sy seun wat
hom dien. 18 Dan sal julle weer die verskil sien tussen regverdiges en
wetteloses, tussen wie God dien en wie Hom nié dien nie."

4

1 "Kyk, die dag kom, en dit sal brand soos 'n oond. Dan sal al die
verwaande mense en elke booswig kaf wees, en die dag wat kom,

*3:16 Ps 139:16; Dan 7:10; 10:21; Jes 65:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

sal hulle verbrand," sê die HERE, Heerser oor alle magte, "daar sal
nie wortel of tak van hulle oorbly nie. 2 Maar vir julle wat ontsag het
vir my Naam, sal die son van geregtigheid deurbreek met genesing
in sy strale.* Dan sal julle bokspring soos gevoerde kalwers wat op
stal was, 3 en julle sal die wetteloses vertrap. Ja, hulle sal as onder
julle voete wees, op die dag wat Ek voorberei," sê die HERE,
Heerser oor alle magte.
4 "Onthou die wet van Moses, my dienaar, wat Ek hom by Horeb
beveel het en wat vir die hele Israel geld -- al die wette en reëls.
5 Kyk, Ek stuur Elia,* die profeet, vir julle voordat die groot en
verskriklike dag van die HERE kom. 6 Hy sal ouers met kinders
versoen[i] en kinders met ouers, sodat Ek nie hoef te kom en die land
met 'n banvloek tref nie."*

---

*4:2 Luk 1:78

*4:5 Matt 11:14

[i]4:6 *ouers ... versoen:* Die Hebreeuse idioom is "Hy sal die harte van ouers terugbring na kinders". Dit beteken dat daar 'n nuwe gesindheid van trou en lojaliteit sal wees.

*4:5-6 Matt 17:10-11; Mark 9:11-12; Luk 1:17

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika